STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

# NOTULE

## BLUE RIDGE HEV (101)

**NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 6 OKTOBER 2021 OM 09H00 PER ZOOM**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | **Konstituering** | |
| | | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | |
| | | |
| 2 | **Opening** | |
| | | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | GG |
| | | |
| 3 | **Verwelkoming** | |
| | | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. | GG |
| | | |
| 4 | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | |
| | | |
| | Teenwoordig:<br>Mnr G Germishuizen – Voorsitter<br>Mnr P Myburgh<br>Mev L Stevens<br>Mev R van Huyssteen<br><br>Mev T Brown (Status Mark)<br>Mev R Moore (Status Mark)<br><br>**Verskoning:**<br>Me A Kruger<br>Mnr L Neveling | <br>GG<br>PM<br>LS<br>RvH<br><br>SM<br>SM<br><br><br>AK<br>LN |
| | | |
| 5 | **Mnr Huig Wijtman (Danabaai bewarea) – beskerming van wild & natuur** | |
| | | |
| | Die Komitee neem die vorige besluit in revisie. Die item kan van die sakelys afgehaal word. | KOMITEE |
| | | |
| 6 | **Mosies van lief en leed** | |
| | | |
| | Geen items nie. | |
| | | |
| 7 | **Goedkeuring van vorige notule: 1 September 2021** | |
| | | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. | KOMITEE |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **8** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | | |
| | **8.1** | **Brandtoerusting** | |
| | | Moquini stel nie meer belang nie. Wag vir terugvoering van ander landgoedere voor die toerusting aktief geadverter word. Die item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **8.2** | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **8.3** | **Kantoorgebou - teëls wat oplig – alternatiewe opsies** | |
| | | Die Voorsitter stel voor dat die lê van vinyl/novilon as opsie oorweeg moet word.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat L Neveling kwotasies moet kry vir die lê van vinyl/novilon vir voorlegging by die volgende vergadering. | **LN** |
| | **8.4** | **Hersien van Grondwet – terugvoering van eienaars** | |
| | | R van Huyssteen bevestig dat die Grondwet deur Raubenheimer Prokureurs hersien is en die koste van R2577.15 aan hul betaal is. R van Huyssteen sal die hersiende Grondwet aan Status Mark stuur om aan eienaars te sirkuleer vir hul finale insette. P Myburgh bedank R van Huysteen en A van Huyssteen vir hul tyd spandeer met die hersien van die Grondwet. | **RvH/SM**<br><br>**PM** |
| | **8.5** | **Werfhekke – herwinbare plastiek** | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **8.6** | **Omgewingsbestuursplan** | |
| | | Hierdie item is afgehandel. | **AFGEHANDEL** |
| | **8.7** | **Bouregulasies wysigings** | |
| | | L Neveling word versoek om 'n informele vergadering vir die Komitee te skeduleer om die bouregulasies asook die kontrakteursooreenkoms te hersien. | **LN** |
| | **8.8** | **Webtuiste** | |
| | | Daar word nog gewag op terugvoering van Mnr Wanzenburg. Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **8.9** | **Finansiële beleidsdokument** | |
| | | R van Huyssteen bevestig dat die dokument ook aan Status Mark gestuur is vir hul insette. Status Mark is tevrede met die dokument. R van Huyssteen sal die invorderingsproses ten opsigte van uitstaande heffings asook rente wat gehef word ook in die beleidsdokument vervat. Die beleidsdokument en enige ander dokument wat vloei uit die Grondwet sal by die volgende AJV in 2022 voorgelê word vir goedkeuring. | **RvH/SM** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | 8.10 | **CCTV Kameras** | |
| | | | |
| | | R van Huyssteen rapporteer dat daar oponthoud is met die installering van die koopkrag meter deur die munisipaliteit. R van Huyssteen volg gereeld op. DBS Sekuriteit het bevestig dat die installasie van die kameras op 18 Oktober 2021 sal begin. L Neveling word versoek om toe te sien dat Killer maandeliks lesings van die koopkrag meter neem om te monitor hoeveel krag maandeliks gebruik word. | **RvH**<br><br>**LN** |
| | | | |
| | 8.11 | **Toegangsbeheer opsies** | |
| | | | |
| | | R van Huyssteen en L Neveling sal die nodige ondersoek doen en voorlegging doen by die volgende vergadering. | **RvH/LN** |
| | | | |
| | 8.12 | **Skoonmaak van brandstrook** | |
| | | | |
| | | Die Voorsitter bevestig dat die brandstrook wel deur die munisipaliteit skoongemaak is. Status Mark word versoek om 'n dankseggingbrief aan Mnr van der Mescht van die munisipaliteit te stuur. | **SM** |
| | | | |
| 9 | **Versekering** | | |
| | | | |
| | 9.1 | **Versekeringseis – 3de party** | |
| | | | |
| | | Bevestiging van die makelaar is ontvang dat die bedrag van R12 570 ten opsigte van die eis uitbetaal sal word aan Blue Ridge. Die koste soos ontvang van Steelworld sluit in R3840 vir die herstel van die ingangshek asook R8730 vir die vervaardiging van 'n nuwe handreling.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat Mnr Nico Botha van Steelworld deur die Komitee aangestel word om die herstelwerk te doen.<br>2. L Neveling sal vir Mnr Botha dienooreenkomstig in kennis stel en ook die nodige toesighouding doen. | **KOMITEE**<br><br>**LN** |
| | | | |
| 10 | **Finansies** | | |
| | | | |
| | 10.1 | **Bestuurstate – September 2021** | |
| | | | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | 10.2 | **Bank balanse** | |
| | | | |
| | | Die bank balanse soos op 1 Oktober 2021 as volg:<br><br>Tjek rekening – R66 493.18<br>Reserwe fonds – R841 296.77<br>Kleinkas – R5957.00<br>MINUS:<br>Vooruitontvangde heffings R90 626.66<br>Bou deposito – R50 161.96<br>TOTAAL = R772 958.33 | |
| | | | |
| | 10.3 | **Uitstaande heffings** | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R6496.56 Daar is 5 eienaars tans uitstaande. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. Status Mark word versoek om die prosedure ten opsigte van invordering van die uitstaande heffings aan R van Huyssteen deur te gee om in die finansiële beleidsdokument te vervat. | **SM/RvH** |
| | | | |
| **11** | **Argitektonies** | | |
| | | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **12** | **Sekuriteit** | | |
| | | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **13** | **Infrastruktuur** | | |
| | | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **14** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | | | |
| | **14.1** | **Vullisdromme** | |
| | | | |
| | | **<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat L Neveling 4 addisionele vullisdromme moet aankoop. | **LN** |
| | | | |
| | **14.2** | **Uitheemse plantegroei** | |
| | | | |
| | | Die Komitee het 'n versoek van 'n eienaar ontvang om 'n boom wat op die grenslyn staan van nr 55 en 56, 2.6m van die padgrens, te mag afsaag weens die feit dat die boom die eienaar se uitsig belemmer.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat A Kruger en L Neveling 'n kundige moet kry om die plantegroei op Blue Ridge te ondersoek en enige uitheemse plantegroei op gemeenskaplike eiendom te identifiseer.<br>2. Dat indien die boom 'n uitheemse boom is, mag Mnr Eric Pretorius toestemming kry om dit af te saag onderhewig aan die eienaars se goedkeuring. | **AK/LN**<br><br>**EIENAAR** |
| | | | |
| **15** | **Personeel** | | |
| | | | |
| | G Germishuizen sal opvolg ten opsigte van die permanente burgerskap en ID nommer van die werker om te registreer vir werkloosheidversekering. | | **GG** |
| | | | |
| **16** | **Algemeen** | | |
| | | | |
| | **16.1** | **Ad-hoc versoeke** | |
| | | | |
| | | Indien die Komitee 'n ad-hoc versoek ontvang sal die Komitee lid van die betrokke portefeulje die versoek op die Komitee whatsapp groep plaas vir 'n besluitneming en daarna sal die terugvoering van die Komitee op die amptelike HEV sowel as die informele whatsapp groep geplaas word. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | | | |
| **17** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | | | |
| | Woensdag 3 November 2021 om 9h00 | | |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| 18 | **Afsluiting** | |
| | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 10h17 af.<br><br>.................................. ..............23/11/21<br>Goedgekeur Datum | |


Trustees (7):

| | | |
|---|---|---|
| Amanda Kruger | 076 143 7564 | amandagroenpunt@gmail.com |
| Gerrie Germishuizen | 083 413 5440 | germishg@gmail.com |
| Leon Neveling | 072 636 8222 | leonneveling3@gmail.com |
| Pieter Myburgh | 073 195 2521 | pwmyburgh@gmail.com |
| Louise Stevens | 083 294 1561 | louise6071@gmail.com |
| Reinet van Huyssteen | 081 347 8126 | reinetvh@telkomsa.net |


Datum uitgestuur: 11/10/2021